www.aiche.org/ccps

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

**Boodskap aan bedryfspersoneel**

This issue sponsored by DEKRA
On the safe side.
www.dekra.us/process-safety

# ’n Klein woordjie het groot krag – VRA!!

*Februarie 2020*

“Ek **dink** dit is die regte klep – miskien moet ek die senior operateur vra. Nee, hy is baie besig. Ek is **redelik seker** dis die regte klep.”

“Ek **dink** die berekening is reg, maar as ek iemand vra lyk ek dalk dom, so ek gaan maar aanvaar dit is reg”

“Die nommer op die instrument is onleesbaar. Dit **moet sekerlik die regte instrument wees**. Ek gaan dit diskonnekteer vir kalibrasie. Die operateur sal my laat weet as iets verkeerd gaan.”




Wat is die verskil tussen wat ons **“dink”** en wat ons **“weet”? GROOT VERSKIL!** Wat ons doen is gebaseer op ons ervaring (goed of sleg), en wat ons onthou as korrek. Dit beteken daar is ’n redelike kans dat ons ’n verkeerde ding doen. Om te weet beteken ons reageer op inligting wat met sekerheid bevestig is as korrek, soos akkurate inligting of prosedures. Dis gebaseer op behoorlike denke, ons maak nie aannames of raai nie. Dis beter om die bedryf op te hou en eers seker te maak van die korrekte inligting, as om voort te gaan op wat ons dink en dalk ernstige probleme, verspillings of erger te veroorsaak.

CSB (Rapport No. 2016-02-I-LA, en die video) analiseer ’n brand na lek ’n van iso-butaan. Die lek is veroorsaak tydens ’n poging om ’n klep te herstel. Die operateurs het nie geweet van die spesifiek prosedure wat vir die tipe klep nodig was nie, en die gevare as dit nie gevolg word nie. Hulle het **“nie geweet nie’** maar **aannames** gemaak.

## Het jy geweet?

- Die bedryf van chemiese aanlegte vereis ’n hoë graad van dissipline – Om **elke keer** die **regte ding** te doen op die **regte manier**.
- Die industrie maak meer gebruik van rekenaars vir die beheer van aanlegte. Dit maak dit nog meer belangrik dat mense **weet** dat dit wat hulle doen die **regte ding** is.
- Maak nie saak watter taak jy doen nie, dis belangrik om dit korrek te doen. Sommige foute is maklik om raak te sien. Ander foute is moeilik om raak te sien, soms met min direkte gevolge en kan lank ongesiens bly. Dit word dalk eers later ontdek deur inspeksie of deur ’n proses afwyking.

## Wat kan jy doen?

- As jy nie weet nie of as jy onseker is, **vra iemand**! Om moontlik dom te lyk is beter as om ’n ongeluk te veroorsaak. *Jou vraag kan ook voordelig wees vir ander deur hulle begrip van die probleem te herbevestig wat hulle dalk vergeet het.*
- Maak seker jy is op hoogte van al die prosedures wat op jou aanleg van toepassing is en volg dit nougeset. As jy iets teenstrydig sien, onthou die vorige punt hierbo; Vra!
- Respekteer die raad van ander wat miskien iets uitwys waar jy dalk verkeerd was – dit is bedoel as hulp en nie as ’n belediging nie. En as jy sien iemand anders maak moontlik ’n fout, vra of hulle seker is dat hulle dit reg doen.

***Die enigste DOM vraag is die een wat nie gevra is nie!***

©AIChE 2020. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Catalan, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, Filipino, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Mongolian, Persian (Farsi), Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, Urdu, and Vietnamese.**